

Saam bou ons 'n nalatenskap ~ vandag!
Building a legacy together ~ today!



Riebie Klanke

Jaargang 25 | KORONA-WEERGAWE | 28 JANUARIE 2021 | d6 Communicator | www.riebie.co.za



Hoof trekke

“START positive – STAY positive”

**Life is 10% what happens to you and
90% how you react to it.**

~ Charles R Swindoll ~

WELKOM TERUG

Baie welkom terug aan al die onderwysers wat eerskomende Maandag, 1 Februarie 2021, op terrein sal wees. Ek glo en vertrou dat elkeen, ten spyte van die inperkings, die feesseisoen saam met geliefdes geniet het.

DÍT LAAT MENS DINK.....

Ons strewe almal na “normaliteit”, maar met die pandemie wat maar net nie wil wyk nie, moet die fokus op die veiligheid van ons gemeenskap wees.

Die bekende Corrie ten Boom, wat baie lank swaar gely het tydens die Tweede Wêreldoorlog in 'n Nazi konsentrasiekamp, het die volgende oor bekommernis gesê:

“Vandag se bekommernis doen niks om môre se probleme minder te maak nie; dit beroof ons net van die krag wat ons vandag kon gehad het. Kommer help ons tog nie om aan dit wat ons vrees, te ontsnap nie. Dit maak ons net te swak om dit te hanteer as dit kom. Kommer is die rente wat 'n mens betaal op probleme voor dit nog opdaag.”

Soren Kierkegaard sê die volgende: “Life must be lived forward; it can only be understood backwards”.

Vandaar ons TEMA vir 2021:

Leer uit gister

Leef vir vandag

Werk vir môre

Die skool het weereens, soos verlede jaar, verskeie maatreëls in plek gesit om die skool so veilig as moontlik vir almal te maak. Die fokus is om vir al ons leerders die maksimum geleentheid te bied binne die raamwerk wat vanaf regeringsvlak aan skole deurgegee word.

Die nuutste direktiewe is dat die skool binne die raamwerk soos die regering dit aangekondig het, moet funksioneer:

- Die skoolbestuur, finansies en admin personeel het reeds op 25 Januarie 2021 begin.
- Die res van die personeel begin op 1 Februarie 2021.
- 4, 5 en 8 Februarie 2021 sal leerders na die skool genooi word om akademiese materiaal te ontvang en ook hulself te oriënteer.
- Leerders begin op 15 Februarie 2021 en mag in hul LOV-drag skool toe kom.

AKADEMIESE PROGRAM

Met betrekking tot die akademie, het die bestuurspan na al die voor- en nadele gaan kyk wat uit die 2020-ervaringe ontstaan het.

Volgens die nuutste regulasies word die skool steeds verplig om leerders in sommige grade op 'n rotasiebasis te laat skoolgaan. Die skool gaan egter die rotasiebasis so 'n bietjie aanpas om die leerders die maksimum geleentheid te gee om ten volle akademiese voordeel te ontvang.

Neem asseblief kennis van die meegaande skrywe wat u ook ontvang het.

(Omdat die skool voortdurend nuwe voorskrifte van regeringsvlak ontvang, kan hierdie rotasiestelsel in die nabye toekoms aangepas word. Die skool gaan weer op 1 Maart 2021 moontlike nuwe direktiewe in ag neem om te bepaal of ons die rotasiestelsel kan aanpas. Die **einddoel** is om al die leerders teen 100% kapasiteit op die terrein te kan verwelkom).

VEILIGHEID VAN DIE RIEBIES

Dit is baie belangrik om te onthou dat 'n skoolgebou met kinders, of 'n departementele gebou met werkers, nie meer óf minder onveilig of gevaarlik is as 'n winkelsentrum óf die plaaslike winkel waar Suid-Afrikaanse burgers elke dag aankope moet doen nie. Dit is dus onmoontlik om waarborg vir veiligheid te gee.

Die maatreëls wat in plek moet wees is daarom gerig op voorkoming en nie om veiligheid te waarborg en/of te verseker nie.

Die Departement van Gesondheid skryf nietemin voor dat ons skool aan sekere voorwaardes moet voldoen:

1. Die skool is reeds gesaniteer en ontsmet. Dit is hier ook baie belangrik om te onthou dat dit reeds medies wetenskaplik bewys is dat die virus vir slegs 72 uur in ideale omstandighede buite die liggaam op oppervlakke kan oorleef.
2. Die personeel is in besit van 'n gesigmasker en 'n gesigskerm. Leerders is ook verplig om 'n gesigmasker te dra. Maskers kan deur ouers by die skool aangekoop word. (Sien meer inligting hieronder in die Riebie Klanke.) Die dra van gesigmaskers gedurende die inperkingstyd op vlak 3, is verpligtend. Die maskers wat die skool verskaf is binne die riglyne soos deur die Departement van Gesondheid voorgeskryf.
3. Die Riebie terreinpersoneel wat verantwoordelik gaan wees vir die daaglikse skoonmaak van die skool, ontvang die nodige kleredrag en toerusting om hulle taak te verrig.

4. Die skool het genoeg vloeibare seep en papierhanddoeke vir die ablusie-geriewe.
5. Sproei-bottels met hand-sanitasie middels word by elke klaskamer, die ontvangsarea asook ander ruimtes wat deur die personeel, leerders (en besoekers waar van toepassing) gebruik word, beskikbaar gestel.
6. Klaskamers, oppervlaktes, trap reëlings, onderwysers se lessenaars, skoolbanke, sitplekke, ensovoorts word elke dag ná skool deeglik skoongemaak met saniteer middels.
7. Die skool het elektroniese temperatuurmeters by alle ingange, sodat alle leerders en personeellede van die skool se temperatuur elke oggend voor die aanvang van die skooldag gemeet kan word.
8. Die skool het twee kwarantyn-kamers gereed, sodat personeel en/of leerders wat 'n temperatuur van hoër as 37.5°C het, of ander moontlike covid-verwante simptome toon, daarheen geneem kan word.

(Alle produkte wat gebruik word is binne die regulasies en voorskrifte soos deur die Departement van Gesondheid vereis word).

Kwel vrae?

1. Mag 'n ouer besluit om nie 'n kind te laat terugkeer skool toe nie, as gevolg van die Covid-19 pandemie?

Leerders tussen die ouderdom van 7-jaar en 16-jaar oud (Graad 1 tot Graad 9) **is skoolpligtig**, soos vervat in die Staatskoerant 33150 van die Departement van Basiese Onderwys. (Sien: *Policy on learner attendance*).

Indien 'n ouer besluit om 'n skoolpligtige kind vir die res van die jaar uit die skool te haal, is daar verskillende scenario's/nagevolge om in ag te neem:

1. Volgens die bywoning-bepalings in die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (SASW), moet 'n ouer wat nie die skoolplig-bepalings wil nakom nie, toestemming by die Provinsiale Onderwys Departement verkry om dit te doen.
2. Indien toestemming verkry is, kan oorweeg word om die leerder vir tuisonderrig by 'n kurrikulum verskaffer te registreer wat die leerder aan die einde van die jaar vir die betrokke graad sal sertifiseer.
3. Nie-registrasie by 'n kurrikulum verskaffer impliseer die volgende:
 - 3.1 Dat die leerder strydig met die SASW van skoolbywoning weerhou is en die ouer vervolg kan word;
 - 3.2 Dat die kind geen bewys vir die jaar se leer sal hê nie;
 - 3.3 Dat geen formele sertifikaat (rapport) vir die jaar uitgereik sal word nie; en
 - 3.4 Dat die ouer moet besef dat enige skool die reg sal hê om te bepaal wat die standaard van die tuisonderrig was, ongeag of daar 'n sertifikaat uitgereik is al dan nie.

2. Watter toerusting is beskikbaar en wat benodig my kind om 'n gesonde omgewing te bewerkstellig?

1. Daar sal infrarooi temperatuurmeters by die volgende punte wees:

- Oostekant en Westekant van die skool
- Admin toegangshek aan die Noordekant van die skool
- In die voorportaal
- In die skoolsaal

2. Beskermende drag vir personeel

Elke personeellid verbonde aan die skool ontvang 'n deurskynende gesig-afskorting, asook 'n gesigmasker. Die gesig-afskorting of gesigmasker moet, ten alle tye, op die terrein gedra word. Die mond en die neus moet bedek wees. Algemene Assistenten en Administratiewe werkers ontvang ook handskoene.

3. Beskermende drag vir leerders

Elke leerder moet in besit wees van ten minste twee gesigmaskers. Elke leerder moet ten alle tye 'n gesigmasker op die terrein dra. Die gesigmasker moet die mond en die neus bedek. Behoeftige leerders se gesigmaskers sal deur die skool verskaf word.

4. Handreinigers

Handreinigers met ten minste 70% alkohol sal op die volgende plekke beskikbaar wees:

- Administratiewe blok se ingang
- Elke klaskamer
- Elke kleedkamer
- Personeelkamer
- Skoolsaal
- Voorportaal
- Elke kantoor

5. Handeseep

Beskikbaar in alle kleedkamers, asook by alle krane op die terrein.

6. Inligting plakkate rakende higiëne word op strategiese plekke op die terrein opgesit. Dit sluit onder andere in: *Moenie aan die gesig vat nie; Was hande gereeld; ensovoorts.*

7. 'n Inligtingsvideo, rakende die was van hande en algemene higiëne, word elke oggend op die interaktiewe borde vertoon.

8. Sielkundige dienste sal, saam met die skool se Departement Opvoedkundige Leiding, vir emosionele ondersteuning aan leerders en personeel beskikbaar wees.

9. Sosiale distansiëring van ten minste 1,5 meter **moet** deur alle persone op die terrein gehandhaaf word.

10. Asblikke

Genoegsame asblikke, waarin alle afval en vullis gegooi moet word, word op strategiese plekke op die terrein geplaas.

3. Hoe sal die oggend-roetine verloop wanneer die skool heropen?

1. Personeel word, per rooster, vir diens by toegangshekke en op die terrein ingedeel. Hierdie personeel moet reeds om 06:30 by die skool aanmeld vir temperatuurmeting in die skoolsaal, voordat hulle by die toegangshekke en op die terrein begin diens doen.
2. Toegangshekke sal vanaf 06:30 tot 07:30 in die oggende oop wees. Personeel aan diens, sal leerders se temperatuur meet. Indien 'n leerder se temperatuur onder 37,5 °C is, sal die leerder die skoolterrein mag betree.
3. Indien 'n leerder se temperatuur hoër as 37,5 °C is, word 'n lid van die skoolbestuur onmiddellik per selfoon gekontak om die leerder na die portaal in die skoolsaal te vergesel, wat as 'n kwarantyn-area sal dien. Die leerder se ouers sal deur 'n lid van die skoolbestuur geskakel word om hom/haar te kom haal en vir verdere toetsing te neem.
4. Leerders betree die skool deur van die volgende toegangshekke gebruik te maak:
 - Toegangshek aan die Westekant van die skool by Hasie Kwassie; en
 - Toegangshek aan die Oostekant van die skool by die Grondslagfase.
5. Sodra leerders by die skool arriveer, hul temperatuur gemeet en hulle hande gesaniteer is, moet hulle onmiddellik na hulle klasse beweeg.
6. Leerders wat na 07:30 die skoolterrein betree, moet van die administratiewe toegangshek aan die Noordekant van die skool gebruik maak. *(Let asseblief daarop dat hierdie die absolute uitsondering moet wees, en ons doen 'n vriendelike, maar ernstige beroep op ouers om asseblief toe te sien dat kinders betyds is en die toegangshekke gebruik, soos in punt 4 hierbo genoem).*

4. Hoe sal besoekers by die skool hanteer word?

1. Geen persoon sal op die terrein toegelaat word, sonder die dra van 'n gesigmasker nie.
2. Ouers sal slegs op die terrein toegelaat word indien skoolgelde by die finansiële kantoor betaal moet word, of indien die skool die ouer geskakel het om 'n leerder tydens skoolure te kom afhaal.
3. Indien nuwe leerders by die skool ingeskryf word vir die huidige skooljaar, word slegs een ouer per leerder op die terrein toegelaat.
4. Die besoek van Distrikbeamptes, of enige ander instansie, moet vooraf met die Skoolhoof gekommunikeer word.
5. Hande moet by die ingang van die administratiewe blok gesaniteer word.
6. Temperatuur-meting word deur een van die administratiewe personeellede gedoen.
7. Slegs een persoon op 'n slag sal by toonbanke in die administratiewe en finansiële kantore toegelaat word.
8. Ander persone sal versoek word om op die afgebakende gebiede met 'n afstand van 2 meter tussen-in te wag, soos per plakkaat en plakkers gekommunikeer.

5. Wat is die proses indien 'n persoon positief getoets word?

1. Die Departement van Basiese Onderwys, asook die Departement van Gesondheid, moet onmiddellik in kennis gestel word.
2. Die skool word onmiddellik deur die Distrikskantoor gesluit. Ouers word in kennis gestel dat leerders afgehaal moet word.
3. Die skool mag slegs heropen met die toestemming van die Departement van Basiese Onderwys en die Departement van Gesondheid.
4. Noodnommers vir bystand-dienste is in die Administratiewe kantoor beskikbaar.

6. Word die skool ontsmet voor leerders skool toe gaan?

1. Die skoolterrein sal, volgens die voorskrifte van die Departement van Basiese Onderwys en die Departement van Gesondheid, ontsmet word.
2. Badkamers, skoolmeubels, handvatsels, trap-reëlings en ander essensiële punte word daaglik deur Algemene Assistentente ontsmet.
3. Leerders voorsien self *Wet Wipes* om hul werksoppervlakte, skryfbehoeftes, skrifte en handboeke gedurende die skooldag skoon te kan hou.

7. Word kleedkamers gereeld skoongemaak?

1. Soos wat grade infaseer, sal die onderskeie grade op verskillende tye pouse hê, om te voorkom dat daar 'n opeenhoping van leerders in badkamers is.
2. Geen leerder mag geweier word om die badkamer buite pouse-tyd te besoek nie.
3. Handseep en reinigingsmiddels is in elke badkamer beskikbaar. Hande moet gesaniteer word wanneer die badkamer betree word, asook wanneer die badkamer verlaat word.
4. Hande moet met seep en water gewas word nadat die toilet gebruik is.
5. Wanneer hande met seep gewas word, moet 'n papier-handdoek gebruik word om die hande droog te maak.
6. Leerders wat van die badkamer af terugkeer klas toe, moet weer hulle hande saniteer, sodra hulle die klaslokaal betree.
7. Algemene Assistentente sal uurlik badkamers skoonmaak met die fokus op die volgende:
 - Afvee van krane en wasbakke;
 - Toilette spoel en seker maak dat genoeg toiletpapier beskikbaar is;
 - Mop van vloere; en
 - Aanmeld van enige gebreke of probleme by die faktotum, vir onmiddellike opvolgwerk.

8. Is die skool se Naskoolsentrum oop?

1. Die skool het ongelukkig 'n positiewe COVID-19 geval gehad en het die Naskoolsentrum vir hierdie week gesluit. Personeel is in isolasie geplaas. Personeel met simptome is getoets. Die Naskoolsentrum is deur 'n [eksterne](#) maatskappy gesaniteer en die Naskoolsentrum sal weer gereed wees om te heropen vanaf **1 Februarie 2021, vanaf 07:00 – 17:30 daaglik**.

2. Die Naskoolsentrum sal ook vanaf 15 Februarie 2021 weer leerders, wat op rotasie by die skool is, akkomodeer vanaf 13:00. Naskool-leerders wat volgens die rotasierooster nie by die skool is nie, sal op dié dae vanaf 07:00 geakkomodeer word. Ons bied hierdie diens om veral werkende ouers te ondersteun.
- Koste beloop R785.00 per maand.
 - Warm etes word daaglik voorberei en bedien.
 - Leerders gaan ook daaglik na 'n huiswerk-lokaal om hul huiswerk onder toesig van 'n personeelid te doen.

HASIE KWASSIE PRE-PRIMÊRE SKOOL

Die Hasie Kwassie leerders het reeds op 27 Januarie 2021 begin! Baie welkom aan die kleingoed. Ons glo en vertrou dat die "kleine Riebies" vinnig die hartklop van die Riebies sal verstaan en nog diep spore in ons harte gaan trap.

SPORT

Die nuutste direkteiwes is dat alle kontakspore nie mag voortgaan nie. Ons het dit egter goedgevind om leerders die geleentheid te gee om deel te wees van fiksheid-oefeninge. Personeel sal beskikbaar wees om leerders vanaf 16 Februarie 2021 tussen 14:15 en 15:15 te akkomodeer.

Wees asseblief deel van die geleentheid wat die skool bied.

**"Take Care of your Body.
It's the only place you HAVE TO LIVE."**
~ Jim Rohn ~

RIEBIE MASKERS

Die leerders se veiligheid is vir ons uiters belangrik en daarom sal elke Riebie sy/haar eie masker moet dra sodra die skole heropen. U is welkom om 'n Riebie-masker vir slegs R30.00 aan te koop. Daar is twee ontwerpe om van te kies:

Riebie-masker 1 (RM1) - Groot renoster in die middel

Riebie-masker 2 (RM2) - Klomp klein renostertjies


Indien u 'n Riebie-masker wil bestel, moet u die volgende besonderhede gebruik:

Rekeningnaam	: Laerskool van Riebeeckpark
Bank	: FNB
Tipe Rekening	: Tjekrekening
Takkode	: 205 609
Rekeningnommer	: 6274 913 4243
Verwysingsnommer	: 9701 + U kind se naam, van en Graad (RM1/RM2)

Ons vra dat geen kontant na die skool toe gestuur word nie, omdat ons die hantering van gelde wil vermy.

**"Gratitude makes sense of your past,
Brings peace for today, and creates a vision for tomorrow."**
~ Melody Beattie ~

**V BOTHA
SKOOLHOOF**



MEEGAANDE SKRYWE TOT DIE RIEBIE KLANKE

Ons versoek dat Riebie-ouers **asseblief** die volgende inligting deeglik sal deurlees.

Rotasie-rooster

Na gesprekvoering met belanghebbendes, het die skool besluit om vanjaar met 'n twee-dag rotasie vir Graad 2 tot Graad 7-leerders te begin. Dit impliseer dat leerders twee dae by die skool is en dan twee dae by die huis werk.

Enkele redes vir dié besluit is soos volg:

- Akademiese werk kan meer gestruktureerd aangebied word;
- Leerders word op 'n meer gereelde basis akademies gestimuleer en bly dus meer gemotiveerd om te werk;
- Tydens die twee dae by die skool, kan akademiese werk meer intens deur personeel aangebied en verduidelik word, sodat die leerders makliker gedurende die volgende twee dae selfstandig by die huis aktiwiteite kan voltooi;
- Leerders wat nie toegang tot TEAMS en WhatsApp-groepe het nie, bly makliker by met die skoolwerk;
- Personeel kan vinniger optel indien daar 'n akademiese uitval in 'n vakgebied is en dit dan dadelik aanspreek; en
- In die tydperk waarin ons tans verkeer, is die sosialisering (met distansiëring) van leerders baie belangrik.

AFHAAL VAN AKADEMIESE MATERIAAL

- Om te verseker dat daar vanaf 15 Februarie 2021 voluit met akademiese werk begin kan word, sal daar drie afhaal-geleenthede wees waarop leerders, wat ons noem “*starterpacks*” moet kom afhaal.

4 Februarie: Graad 2 en Graad 5

5 Februarie: Graad 3 en Graad 7

8 Februarie: Graad 4 en Graad 6

Ouers bring leerders skool toe tussen 07:00 en 09:00, soos wat dit die huisgesin pas. Geen skooldrag of tasse nie.

**** GEEN OUERS WORD ONGELUKKIG OP DIE TERREIN TOEGELAAT NIE ****

- Die volgende proses word gevolg:

Die leerder se hande word by die hek gesaniteer en temperatuur word gemeet.

Die leerder ontvang sy/haar naamkaartjie waarop die leerder se klasindeling en klaslokaal aangedui is.

Die leerder beweeg na die spesifieke klaslokaal waar die personeellid die leerder sal ontvang.

Graad 4 tot Graad 7-leerders handig hul boekleningsvorm, wat hulle saam met hul skoolhandboeke gedurende Desember 2020 ontvang het, by die personeellid in.

Graad 4 tot Graad 7-leerders ontvang die volgende “*starterpack*” van die personeellid:

- ‘n Teams-brief waarin die leerder se inteken-inligting aangedui word. (**NB**: Bewaar asseblief hierdie skrywe veilig);
- DBE-boeke vir Tale en Wiskunde soos vanaf die departement ontvang;
- Vakrooster;
- Ouer-inligtingsessie reëlings;
- Harde kopieë vir basislyn-assessering vir Tale en Wiskunde wat leerders self, sonder die hulp van ouers, moet voltooi en terugbring skool toe op die dag waarop hulle volgens die rotasierooster begin;
- Tweedag-rotasierooster wat asseblief op die yskas se deur geplak moet word;
- ‘n Proefiel-inligtingsvorm wat voltooi moet word en op die dag waarop die leerder terugkom skool toe, ingehandig moet word;
- ‘n Lys van vakpersoneel; en
- ‘n Harde kopie van die skool se nuusbrief: Die Riebie Klanke.

Leerders verlaat die klas en beweeg onmiddellik terug na die ouer se motor.

Graad 2 tot Graad 3-leerders ontvang die volgende “*starterpack*” van die personeellid:

- ‘n Teams-brief waarin die leerder se inteken-inligting aangedui word. (**NB**: Bewaar asseblief hierdie skrywe veilig);
- DBE-boeke vir Tale, Wiskunde en Lewensvaardighede soos vanaf die departement ontvang;
- Vakrooster;
- Ouer-inligtingsessie reëlings;
- Tweedag-rotasierooster wat asseblief op die yskas deur geplak moet word;
- ‘n Proefiel-inligtingsvorm wat voltooi moet word en op die dag waarop die leerder terugkom skool toe, ingehandig moet word;
- ‘n Kleurgroep-indeling; en
- Harde kopie van die skool se nuusbrief: Die Riebie Klanke.

Leerders verlaat die klas en beweeg onmiddellik terug na die ouer se motor.

Hekke vir ingang en uitgang vir die afhaal van akademiese materiaal

Graad 1-hek:	Junior speelgrondhek aan die Noordekant van die skool. 11 Februarie 2021
Graad 2-hek:	Inrylaan se hekkie aan die Oostekant van die skool (by die verspringputte) 4 Februarie 2021
Graad 3-hek:	Saalhekkie aan die Westekant van die skool. 3 Februarie 2021
Graad 4-hek:	Saalhekkie aan die Westekant van die skool. 8 Februarie 2021
Graad 5-hek:	Saalhekkie aan die Westekant van die skool. 4 Februarie 2021
Graad 6-hek:	Inrylaan se hekkie aan die Oostekant van die skool (by die verspringputte) 8 Februarie 2021
Graad 7-hek:	Inrylaan se hekkie aan die Oostekant van die skool (by die verspringputte) 5 Februarie 2021

Graad 1-ouers

Kommunikasie rakende die “Ontmoet Jou Juffrou” en die Ouer-inligtingsessie, sal per e-pos en d6 Connect aan ouers gekommunikeer word.

“Ontmoet Jou Juffrou” sal op 11 Februarie 2021, tussen 16:00 – 18:00 plaasvind.

Die Ouer-inligtingsessie sal op 13 Februarie 2021 plaasvind.

Verdere reëlings vir die week van 15 – 19 Februarie 2021 sal volg in die Riebie Klanke, gedateer 9 Februarie 2021.